Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MAART 2017

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

KLEINSKAALSE INGEBEDDE KRAGOPWEKKING *GOED OP DREEF*

Ses maande het verloop sedert die implementering van Overstrand se riglyne vir Kleinskaalse Ingebedde Kragopwekking (KIKO). Talle aansoeke is ontvang en die belangstelling raak net groter.

Overstrand se riglyne vir Kleinskaalse Ingebedde Kragopwekking bied aan alle verbruikers met KIKO-installasies die geleentheid om aansoek om 'n netwerk-gebonde aansluiting te doen. Dit behels dat hierdie verbruikers wat om munisipale goedkeuring aansoek doen, 'n twee-rigting-meter installeer en teen 'n jaarliks-goedgekeurde munisipale tarief vergoed word vir elke eenheid wat na die munisipale netwerk teruggevoer word. Die belangrikste aspek wat u egter in gedagte moet hou, is dat u 'n NET-verbruiker moet wees. Dit beteken dat u nie meer eenhede in die netwerk kan terugsit as wat u gebruik nie.

Soos hierbo genoem, bied die KIKO-riglyne die geleentheid om netwerk-gebonde te wees, maar daar is steeds verbruikers wat onwettig aan ons netwerk koppel. Ons versoek hiermee dat alle verbruikers seker maak dat hulle die nodige goedkeuring in plek het wanneer hulle enigiets aan ons munisipale netwerk koppel. Boetes is vanaf 1 Julie 2016 ingestel ingevolge ons verordening insake kragvoorsiening vir alle onwettige KIKO-aansluitings. Hierdie onwettige aansluitings sal in dieselfde lig as enige ander onwettige aansluitings hanteer word. Versuim om aan ons munisipale regulasies te voldoen, sal tot die afsluiting van dienste en 'n peuterfooi lei.

Peuterfooie vir die huidige 2016/17-boekjaar is soos volg:

E14	**ONWETTIGE AANSLUITING- / PEUTERFOOI (insluitend skade aan of newesluiting van die DSM Warmwatersilinder-beheereenheid)**			
E14A1	1ste oortreding	R	3 409,00	Geen BTW nie
E14A2	2de oortreding (E14A1 x 2)	R	6 819,00	Geen BTW nie
E14A3	3de oortreding en herhaling (afsluiting van dienste en regstellende fooi = dubbel die fooi van vorige oortreding)	R	Bedrag van vorige oortredings x 2	Toepaslike BTW

E18	**Kleinskaalse ingebedde kragopwekking (KIKO)** Hierdie tarief is slegs vir goedgekeurde KIKO-aansluitings beskikbaar, waar die kliënte hul kleinskaalse kragopwekking (kWh) teen aankope van die munisipaliteit verreken, op voorwaarde dat hul aankope hul kragopwekking (kWh) oorskry. Hierdie tarief sal slegs geïmplementeer word nadat NERSA se goedgekeurde riglyne ontvang is Die verbruiker sal op sy bestaande tarief bly en die volgende sal ook van toepassing wees:				
E18A2	Invoer-tarief	c	54,00	61,56	NUUT / NUUT

Hoe werk die vergoeding?

Die kliënt sal volgens die jaarlikse goedgekeurde munisipale tarief vir die installering van 'n twee-rigting-meter betaal. Verbruikers wat tans op kredietmetertariewe is, sal onveranderd bly en voorafbetaalde verbruikers sal na kredietmetertariewe teruggeskakel word. *'n Standaard huishoudelike SSEG-rekening sal die volgende aandui: (Nie die tyd van gebruik nie)*

- Basiese maandelikse diensheffing
- Maandelikse infrastruktuurheffing
- Verbruikskoste volgens bloktariewe
- Totale eenhede teruggevoer na die munisipale netwerk x goedgekeurde tarief (gekrediteer)

Vir verdere inligting, volledige riglyne en alle vorms, klik op *http://www.overstrand.gov.za/en/documents/electricity* Navrae in hierdie verband kan gerig word aan die munisipaliteit se Departement Elektrisiteit by telefoon: 028 313 8000 / 028 384 8358 / 028-316 2630, of e-pos: enquiries@overstrand.gov.za

Let wel: Kliënte wat 'n SSEG-stelsel wil installeer, ongeag die stelsel se opwekkingsvermoë, moet 'n aansoekvorm voltooi en skriftelike goedkeuring moet van die munisipaliteit aangevra word voordat 'n stelsel aangekoop en geïnstalleer word. Die goedkeuringsproses vir 'n SSEG-installasie sal wissel na gelang van die grootte van die stelsel en verbruikerskategorie.

Overstrand Munisipaliteit *se vyfjaar-infrastruktuurprojekplan*

Die Overstrand Munisipaliteit is van voorneme om sy vyfjaarplan vir die opgradering van paaie in die gebied te implementeer. Die Direkteur van Infrastruktuur en Beplanning, Stephen Müller, het besonderhede verskaf oor die munisipaliteit se plan en samesprekings wat met die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) gehou is oor die opgradering van die R43 tussen Onrus en Sandbaai, asook die twee kruisings by Onrus/Kidbrooke en Sandbaai.

Mnr. Müller het bevestig dat twee groot infrastruktuurprojekte oor die volgende vyf jaar beplan word. Een is die voortsetting van die Hermanus-parallelpad (aan die seekant van die R43- provinsiale pad) om die dorpe deur die oprigting van 'n tweede brug oor die Onrusrivier te verbind.

Die Hermanus-parallelpad is 'n alternatiewe roete na die R43- provinsiale pad en sal uiteindelik die woongebiede van Vermont, Onrus, Sandbaai, Zwelihle, Mount Pleasant en Westcliff aan die sen-trale sakedistrik van Hermanus en die twee industriële gebiede in Hermanus verbind. Die projek vorm reeds sedert 2010 deel van die munisipaliteit se Geïntegreerde Vervoerplan en is in lyn met die Overberg-distrik Verslag oor Konsepte vir Mobiliteitstrategie (Junie 2011).

- **Die eerste fase** van die projek, bekend as Mbeki-weg, is in 2013 voltooi en strek tussen Swartdam- en Schulphoekweg. Die koste van hierdie fase het R13,3 miljoen beloop.
- **Fase twee** is tans aan die gang en strek van Schulphoekweg na die Sandbaai-hoofweg in lyn met Bergsigstraat. Hierdie fase vorm deel van die opgradering van paaie vir die nuwe winkelsentrum in Sandbaai. Die ontwikkelaar van die winkelsentrum hanteer die bouwerk vir hierdie fase.
- **Fase drie** sal die opgradering van Bergsigstraat vanaf Sandbaai-hoofweg tot by die Onrusrivier behels. Hierdie fase sal terselfdertyd as die ontwikkeling van die Sandbaai-meentgrond hanteer word.
- **Fase vier** is die oprigting van 'n nuwe brug oor die Onrusrivier om 'n skakel na die Onrus-hoofweg te voorsien.
- **Die vyfde fase** sal die installering van 'n opgegradeerde skakel vanaf Swartdamweg in die rigting van die sentrale sakedistrik van Hermanus behels. Verskeie opsies word hier oorweeg.

Die beraamde projekkoste van die Hermanus-parallelpad is ongeveer R155 miljoen. Befondsing vir hierdie projek word hoofsaaklik benut uit ontwikkelings-bydraeheffings en die nasionale Munisipale Infrastruktuurtoekenning (MIG). Die Premier van die Wes-Kaap het fondse beskikbaar gestel vir die voetgangerpaaie en fietsbane langs Mbeki-weg. Die munisipaliteit is ook in gesprek met die provinsiale DVOW (Departement van Vervoer en Openbare Werke) vir moontlike hulpverlening.

Die ander groot projek wat Overstrand Munisipaliteit van voorneme is om binne die vyfjaar-tydperk te voltooi, is die Hermanus- openbare vervoerfasiliteit wat die afgelope 20 jaar op die agenda was. Dit sluit die Hermanus-taxistaanplek as deel van die hernuwingsprojek vir die sentrale sakedistrik in.

www.sars.gov.za
SARS At Your Service

SAID SE MOBIELE EENHEID BESOEK HERMANUS
PLEK: THUSONG-SENTRUM (HAWSTON)
TYD: 08: 00 VM TOT 15:00 NM
DATUM: 07 & 08 MAART 2017

NUWE HUISE BRING VREUGDE VIR GESINNE

Overstrand Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith, Wes-Kaapse Minister van Menslike Nedersettings Bonginkosi Madikizela en verskeie raadslede het op Dinsdag, 7 Februarie 2017 vyf huise aan bejaarde begunstigdes van Mshenxiswa Village in Zwelihle oorhandig.

Inwoners van Mshenxiswa Village, voorheen bekend as die 'Garden Site'-behuisingsprojek in Zwelihle, het baie gehad om te vier toe hulle op 7 Februarie 2017 hul langverwagte huise van Overstrand se Burgemeester, Rudolph Smith, en Wes-Kaapse LUR vir Menslike Nedersettings, Bonginkosi Madikizela, ontvang het.

As deel van 'n groter projek om sewe informele nedersettings in Zwelihle op te gradeer, bestaan hierdie behuisingontwikkelingsprojek uit 58 hoë-digtheid-eenhede teen 'n koste van R11 miljoen. Dit is die eerste hoë-digtheid-woongebied in die Overstrand en het 18 maande geneem om te voltooi.

Die nuwe inwoners kan uiteindelik hierdie 40 m^2 wonings hul eie huis noem - 'n huis met 'n oopplankombuis, twee slaapkamers en 'n badkamer, asook 'n tuin.

Mnr Lusiba Mzwandile (foto bo) het 30 jaar gelede om 'n behuisingsubsidie aansoek gedoen en vandag, op 71-jarige ouderdom, het hy vir die eerste keer 'n huiseienaar geword. "Ek voel geseën om 'n behoorlike dak bo my kop te hê en om te weet dat dit aan my behoort," het Mzwandile gesê. Hy het almal betrokke by die proses bedank dat hulle dit moontlik gemaak het vir hom om 'n huis te ontvang.

Die bejaarde paartjie Wellington en Siyo Varoyi kon beswaarlik hul vreugde beteuel toe hulle die deur van hulle nuwe huis oopmaak. Nolovile Manqeza, Van en Novusile Ndzule, en Mfundo en Alvet Sithetho was net so oorstelp toe hulle die sleutels vir hul huise ontvang het. Volgens hulle was dit 'n ongelooflike dag waarvoor hulle lank gewag het.

Burgemeester Smith het in sy verwelkomingstoespraak eienaars aangespoor om "hierdie nuutgeboude huis op te pas deur dit goed te versorg - dit is nou u eiendom en u moet daarvoor verantwoordelikheid neem. "

Burgemeester Smith het die ontvangers van die huise versoek om nie hul huise te verkoop nie. "As u dit verkoop, sal dit 'n groot verlies vir u en u toekomstige geslagte wees. Ek is bly dat die begunstigdes nou 'n plek het wat hulle met trots hul eie huis kan noem. Uiteindelik het u en u kinders 'n veilige plek om saans heen te gaan en u is nie afhanklik van familie en vriende op dae wanneer die weer sleg is nie," het hy gesê.

Hy het ook hulde gebring aan sy voorganger Raadsdame Nicolette Botha-Guthrie as ook die minister, raadslede, wykskomitees, maatskaplike verdragkomitees en die gemeenskap vir hul samewerking en al die werk wat tot dusver gedoen is om die lewensgehalte van hierdie inwoners te verbeter.

'Huissleutels ontsluit verskillende geleenthede vir 'n beter toekoms'

Minister Madikizela het in sy toespraak gesê dat die Wes-Kaap tans 'n groot agterstand in behuising ervaar, en dat dit groei, aangesien al hoe meer mense na hierdie provinsie kom vir 'n beter, veiliger lewe en die moontlikheid om werk te vind.

"Gegewe die begroting, sal ons voortgaan om alle pogings aan te wend om seker te maak dat meer behuisingsgeleenthede beskikbaar gestel en toegeken word aan die mees verdienstelike persone - maar ons moet sorg dat die regte mense tydens die toekennings van behuising huise ontvang."

Die lewering van behuising is nie 'n alleenstaande strategie nie en is ook oor die algemeen 'n stadige proses. "Terwyl huise gebou word, het ons ook begin om dienste aan informele nedersettings te voorsien om seker te maak dat die lewensomstandighede van almal wat in die Wes-Kaap woon, verbeter word," het die minister gesê.

Nolovile Manqeza lyk effens oorweldig deur die geleentheid om haar eie huis te hê. Saam met haar is Minister Bonginkosie Madikizela en Burgemeester Rudolph Smith.

Inwoners van die meeste informele nedersettings staar verskillende basiese lewensuitdagings in die gesig, insluitend swak toegang tot basiese sanitasie en watervoorsiening, die opeenhoping van vaste afval, en herhaalde huisbrande.

"Sleutels ontsluit verskillende geleenthede vir 'n beter toekoms. En ons is bewus dat belastingbetalers, mense wat tussen R3 000 en R15 000 per maand verdien en tot die ekonomie bydra, nie vir gratis behuising kwalifiseer nie en dat hulle ook nie vir 'n banklening kwalifiseer nie.

Mfundo Mpempe Sithetho en sy vrou Alvet met Burgemeester Rudolph Smith en Onderburgemeester Dudley Coetzee.

"Dit gaan dus nie alleen oor huise bou nie, maar ook om grond aan mense oor te dra. Ons wil vir soveel mense as moontlik die geleentheid gee om eiendom te besit.

"Dit is waarom ons nie mense kan dwing om nie hul eiendom te verkoop nie - veral nie nou dat die eiendomsbedryf so sterk is nie, en ons moedig mense aan om spelers in die eiendomsmark te word.

"MAAR, mense moet die WAARDE van die huis verstaan en ons moet hieroor praat en alle inwoners daaroor opvoed. Nuwe huiseienaars moet sorg dat hulle die waarde van hul huise weet voordat hulle besluit om dit te verkoop.

"Ek kom pas van 'n besoek waar 'n huis aan twee mense verkoop is," het Madikizela gesê. "Ons kan ook nie toelaat dat mense hul huise vir R10 000 verkoop en weer in 'n krot gaan woon nie. U sal dan in 'n baie slegter toestand wees as wat u voorheen was."

• Die oorhandiging van behuising in Mshenxiswa Village dui die voltooiing van fase 1 van die Projek oor die Opgradering van Informele Nedersettings (UISP) aan. Dit sluit ook die oprigting van 'breek-nuwe-grond'- (BNG) topstrukture op drie natuurlike groen terreine in, naamlik Mshnexiswa Village, Site C2 langs Swartdamweg (132 eenhede) en die *Housing Admin Site* in Stilstraat (164 eenhede).

UITNODIGING NA EKSPO OOR AFVAL

whale coast CONSERVATION
Caring for your environment

Whale Coast Conservation ('n NRO wat deur Overstrand Munisipaliteit ondersteun word) gaan 'n 2-maande program oor 'afval' bekendstel. Die doel is om inwoners bewus te maak van die probleme wat deur afval veroorsaak word en die koste van afvalverwydering. Nuttige wenke sal ook verskaf word oor hoe om die afval wat u genereer, te verminder.

Die veldtog sal op Woensdag 1 Maart 2017 vanaf 09:00 tot 16:00 in die voorportaal van die munisipale ouditorium bekendgestel word. Kenners sal aanbiedings doen oor die feite van afval en hoe om dit te verminder. Die aanbiedings en demonstrasies sal vir jongmense asook volwassenes geskik wees. Almal is welkom en bywoning is gratis. Die geleentheid word deur die Kommissie op Nasionale Loterye befonds. Tee en koffie sal bedien word. Vir verdere inligting, kontak Whale Coast Conservation 028 316 2527 of wcc.greenhouse@gmail.com of anina.wcc@gmail.com.

OVERSTRAND ARTS/KUNSTE BIED IN MAART TWEE KONSERTE AAN

Caleb Vaughn-Jones

Ilne Fourie

OAK

Eerstens, op Vrydagaand die 17de om 19h00, bied ons 'n ongewone trio-konsert aan waar die warmte van 'n mengsel altviool en tjello met die klavier sal kontrasteer. Poolse pianis, Johanna Wicherek, Amerikaanse Caleb Vaughn-Jones (tjellis) en Suid-Afrikaanse Nicholas James Fidler (altviool) sal onder meer Brahms se virtuose Trio Op. 114 en Alexey Kurbatov se Trio vir altviool, tjello en klavier Op. 31 speel. Sondagmiddag die 26ste om 15h30 kan u die aktrise Ilne Fourie op die verhoog sien in *Sharrap, en eet jou kos!* is 'n komiese eenvrouvertoning waarin Fourie die draaksteek met kliënte wat sy bedien het as kelnerin die afgelope jaar. Moenie hierdie skreeusnaakse vertoning misloop nie! Altwee konserte vind plaas in die Munisipale Ouditorium. Skakel BELLINI by 028 312 4988 om kaartjies te bespreek (R130 en R60 vir studente). Skakel René du Plooy by 082 940 4238 vir verdere navrae.

Nick Fidler

Joanna Wicherek

Die groot stormgolf van plastiek langs ons kuslyn

Langs ons kus lê die harde werklikheid uitgespoel vir almal om te aanskou: plastiek-besoedeling. Dis net 'n voorsmakie van 'n skrikwekkender en reeds ontvouende verhaal dieper in die oseane.

As 'n persoon wat graag langs die kranspaadjies wandel en help om ons strande skoon te hou, moet ek erken dat die situasie met opdrifsels uit die see net erger, baie erger, raak.

Terwyl ons dalk met afgryse vervul word oor die plastiese rommel wat langs sommige van ons kuste lê, is dit net 'n voorsmaak van wat mag voorlê, veral as ons die verslae oor die kuslyne van byvoorbeeld Indië, Hawaii en Indonesië in ag neem.

U mag bewus wees dat 85% tot 90% van opdrifsels uit plastiek bestaan en, gegewe die feit dat plastiek maar net 'n paar dekades gelede, in die 1950s, 'n algemene produk geword het, is die besoedeling wat daardeur veroorsaak word iets afgryslik.

Ongeveer 300 miljoen ton plastiek word jaarliks vervaardig, en 50% daarvan is wat ons enkel-gebruik-plastiek noem. Dit is wat ons moet probeer verminder: radikaal. Agt miljoen ton plastiek beland jaarliks in die oseane, waar dit oor 'n lang tydperk stadig afbreek in klein konfetti-tipe stukkies. Hierdie deeltjies mikroplastiek, wat as 'nurdles' bekend staan, laat gifstowwe in die seewater vry en veroorsaak verdere besoedeling. Voëls en visse verwar die helderkleurige deeltjies met kos, eet dit en, soos u seker kan raai, is dit die mens bo aan die voedselketting wat in werklikheid ons eie afvalplastiek eet. Is dit nie ironies nie?

Wat kan ons doen? Kies alternatiewe vir plastiek soos produkte van glas, hennep, bamboes en suikerriet. Weier om goedere met oormatige verpakking te koop, koop los vrugte en groente, vermy polistireen by kitskosplekke en raak op 'n verantwoordelike manier van u vullis ontslae. Herwin u afval, waar moontlik. *Vir meer idees en feite, besoek die Facebook-bladsye van 'Rethink Single Use Plastics', 'Reduce waste to landfill' en 'Blight of Plastic'.*